



Hoe bring jy hoop vir ander, hoe kry jy die lig weer terug in hulle oë, nadat Covid my en jou realiteit krom kom buig het, alles kom verander het?

In die begin was dit getalle, onbekendes, toe word die getalle name van mense wat ons ken, geliefdes, familie en vriende. Baie toets positief, ander het ligte simptome, ander is baie siek, ander veg vir hulle lewe en baie het afgesterf. Dit laat 'n onbekende leemte en maak dat mens maklik vasgevang word in 'n web van vrees, onsekerheid en vrae.

Die lig in baie se oë het effens verdof, byna soos 'n verdwaalde in die woestyn wat moed opgee oor die vernietigende strale van die son en 'n oase wat buite bereik bly. Daar was hoop, maar die realiteit van Covid het 'n demper kom plaas.

Covid voel soos 'n vernietigende veldbrand wat deur stormwinde aangewoed word, terwyl ons magteloos toekyk. 'n Veldbrand rig groot skade aan. As die vlamme egter deur stormsterkte winde aangewoed word, is dit vernietigend. Net as bly oor. Tog...sodra die eerste reën geval het, beur nuwe gras, plante en blomme deur die as. Daar is hoop.

Ons het onlangs 'n roete teen Tafelberg aangepak. Die stilte praat met jou. Jy stap in God se handewerk – die berge en bewonder die bome, die plante en die natuur. Daar is soveel karakter vasgevang in 'n boomstomp, 'n boom wat 'n brand oorleef het, nuwe wortels geskiet het...Vêr onder lê die see en die wit (leë) strande. Proteas groei teen die hange, die wolke pak oor die see en by Leeukop lyk dit kompleet of die wolke aangeblaas word, soos dit om die bergpunt swiep en draai. Jy moet gaan stil staan om dit te waardeer.

Die hoogtepunt was 'n uitkykpunt op 'n rots in 'n grot – daar kyk jy uit oor Kampsbaai. Die prag van die berge omvou jou en as jy af kyk na onder, is alles baie klein. Sodra jy tot stilstand kom op die voetpaadjie besef jy hoe klein jy is as jy op kyk na Tafelberg.

Jy hoef nie 'n berg uit te stap of te klim om God se handewerk te sien en te waardeer nie, of om herinner te word dat God in beheer is nie. Kyk na die glimlag van 'n kind of 'n geliefde, die potplant in jou huis of die blom in jou tuin. Kyk na die wolke, kyk snags na die sterre in die hemelruim. Hoe moeilik die tyd vir my en jou is, ons moet moed hou. Ons moet aan God vashou en mekaar ondersteun. Nader aan God.

Ons reik uit:

- Ds. Petrie se Sondag boodskap word weer per SMS en WhatsApp gestuur. Die boodskappe is beskikbaar op die kerk se webblad en op die kerk se Facebook-blad.
- Ons bid vir mekaar – stuur jou gebedsversoek na 0825605283 of stuur 'n epos na [admin@lourensrivier.co.za](mailto:admin@lourensrivier.co.za)
- Ons moedig mekaar aan deur foto's van hoop te neem – stuur jou foto van hoop met jou naam na 0825605283. Ons sit dit op die kerk se FB vir inspirasie vir ander.
- Lemari reël 'n gebedsaksie vir Sondag 31 Januarie vanaf 09:00 tot 10:00 by Lourensrivier Gemeente se parkeerarea. Jy kom parkeer jou motor en kry 'n WhatsApp vir gebed en skrif. Vir navrae kontak Lemari direk by 0826929086. Die groep sal eers "oopgemaak" word vir plasing op Sondag 31ste en weer na afloop daarvan gesluit word.
- Mense wat verkies op die dag tussen 09:00 en 10:00 tuis in die aksie te deel, kan ook hul inligting na Lemari stuur en saam bid.



# Kniewerk

## Voorbedding vir :

✚ Ds. Petrie vir sy boodskap.

Voorbedding en innige meegevoel :

- ✚ Marie Roux en gesin met die afsterwe van haar man, David.
- ✚ Kinders en familie van Lorna Strauss wat oorlede is.
- ✚ Hennie Geldenhuys en gesin met die afsterwe van sy vrou, Ina.
- ✚ Johannes en Annalie Möller en gesin/familie met die afsterwe van hulle skoonseun. J.H van Eeden)

## ***GEBEDSAKSIE SONDAG 31 JANUARIE***

Indien jy wil deelneem aan die gebedsaksie op **Sondag 31 Januarie vanaf 9:00 tot 10:00**, stuur asb 'n WhatsApp na 0826929086 om op die groep geplaas te word waarop al die interaksie van dié oggend sal plaasvind. Die groep is tans slegs oop vir admin en sal slegs vir almal oopgemaak vir op die 31ste.

Mense wat weens omstandighede nie by die parkeerarea kan bid nie, kan dit ook tuis doen.

Stuur jou inligting na 0826929086 om inligting op die dag te kry.

### **GEBEDSAKSIE NGK Lourensrivier-Strand**

#### **Datum:**

Sondag 31 Jan 2021

#### **Tyd:**

09h00 tot 10h00

#### **Waar:**

Lourensrivier Parkeerarea - In jou motor

Die idee is dat almal in hul voertuie die parkeerarea van die kerk kom volmaak en vir n uur lank "saam" bid. Almal bly in hul voertuie en sal 'n WhatsApp kry waarvoor om te bid, skrif ens.

**Stuur 'n WhatsApp** na Lémari

0826929086

as jy deel van die gebedsaksie wil wees





Videoboodschap Sondag 17 Januarie 2021

<https://youtu.be/HrVZMEJ6yAQ>

Vir meer video's besoek ons webblad

<https://www.lourensrivier.co.za/>

Klik op die link(bo) wat jou na die webtuiste sal neem, klik dan op die blokkie "video boodskappe" (sien voorbeeld)



## Sondag, 17 Januarie 2021 Fokusteks: Psalm 139

*Vers 1 dui vir ons die tema van hierdie Psalm aan - God ken my deur en deur. Hy weet alles van my, daar is niks wat ek vir Hom kan wegsteek nie. Is dit goeie of slegte nuus?*

*Die skrywer staan aanvanklik in totale verwondering, soos verse 1-5 dit in pragtige digterlike taal beskryf. Die Here sien en ken alles van hom - sy gedagtes en woorde, sy bewegings van elke dag. Geen wonder dat hy in vers 6 bely dat die Here se alwetendheid te wonderbaar is om te begryp.*

*Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip (1983-vertaling).*

*Om dit te verstaan, is 'n te groot wonder vir my; dit is te hoog, ek kan dit nie begryp nie (Bybel 2020-vertaling). Is dit nie wonderlik en vertroostend dat die Here so alles van my weet nie? Uhm... dalk is dit nie so wonderlik nie. Nou is dit skielik onseker of hierdie Godskennis 'n las vir my is, of bevryding, want as die Here dan alles van my weet, word my geheime sondes, waarvan niemand anders weet nie, ook ontbloot. In vers 5 is daar 'n sinsnede wat 'n mens baie aan die dink sit. Daar staan: U omsluit my van alle kante. **U neem my in besit.** Letterlik beteken dit dat die Here sy hande op my plaas. In die Ou Vertaling (1953) en die nuwe Bybel 2020-vertaling klink dit so:*

*U lê u hand op my - (Ou Vertaling)*

*U plaas u handpalms op my - (Bybel 2020-vertaling)*

*Is die hande wat op my geplaas word hande van troos en versorging, of hande van teregwyding? Sommige Bybel-verklaarders wys daarop dat ons hier met 'n soort militêre uitdrukking te doen het. In die antieke tye beteken dit om "te beleër" of te "beset." Soos in die geval waar 'n vyandelike koning 'n stad omsingel en beleër, totdat die inwoners gedwing word om oor te gee. Dan beset hy die stad en neem dit in besit. Is dit wat die psalmdigter skielik besef as hy sê dat die Here hom in besit neem? Hierdie sinsnede kan nogal 'n dubbelsinnige betekenis hê.*

*Hoe jy ook al daarna kyk, in die volgende verse (7-12) maak die aanvanklike verwondering plek vir verskrikking, vrees en benoudheid. Die skrywer spreek 'n vreemde begeerte uit, naamlik om van die Here af weg te kom.*

*Om nie geken te word nie. Om afskeid te neem. Jy hoor dit aan sy vraag in vers 7 - Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom? Hoekom sou hy so-iets begeer? Die behoefte om van God weg te vlug en nie waarlik geken te word nie is 'n tipies menslike eienskap. Ons steek ons skandes weg en hoop niemand kom dit agter nie. So was dit van die begin af. Adam en Eva kruip weg vir God omdat hulle nie wil hê Hy moet weet dat hulle sy bevel verontagsaam het nie. Miskien sal die klere wat hulle gemaak het om hul naaktheid toe te maak ook hul ongehoorsaamheid verberg. Maar God het dwarsdeur hulle gesien, want Hy ken die skepsels wat Hy gemaak het. Die Here se gesprek met hulle is soos 'n koning wat 'n stad beleër. Daar is geen uitkomkans nie, geen wegkruipplek nie.*

*En ons weet wat die gevolg was.*

*Daar word aanvaar dat Dawid die outeur van hierdie Psalm is. Hy is 'n goeie voorbeeld van hoe die Here sy hande van geregtigheid op hom geplaas het. Dawid het gedink hy kan sy owerspel met Batseba wegsteek. Niemand hoef daarvan te weet nie. Toe sy swanger word het hy vernuftige planne uitgedink om die mense se oë te verblind vir die waarheid. In die proses het hy haar man op 'n slinkse wyse op die oorlogsfront laat vermoor en met haar getrou (Sien 2 Samuel 11). Nou sal niemand snaaks dink van Batseba se swangerskap nie. Totdat die Here sy hand op Dawid plaas deur die profeet, Natan, na hom te stuur om hom te ontmasker (2 Samuel 12).*

*Elkeen van ons het donker oomblikke en ervarings in ons persoonlike geskiedenis waarvan ons niemand wil vertel nie. Daardie diep, verskriklike gebeurtenis en skande waarvan ons tog net nie wil hê dat enigeen moet weet of uitvind nie. Hopelik sal mense ook vergeet soos die tyd aanstap. Om die waarheid te sê, daardie onbesonne daad van lank gelede pla ons later ook nie meer so erg nie. Ons geheues is kort, ons wil maar eerder vergeet. Soos die tyd aanstap raak ons al gemakliker daarmee. As jy wel uitgevind word en die plek raak te nou vir jou, dan het jy altyd die opsie om elders 'n nuwe begin te maak waar die "mense jou nie ken nie."*

*Kyk, almal van ons wil so graag aanvaar word deur ander mense. Dit is tog een van ons diepste behoeftes. Ons wil graag geken word, maar ook nou nie só goed geken word nie. Gevolglik steek ons ons diepste geheime weg deur rolle te speel en ons beste voetjie voor te sit. Ons kruip agter maskers weg, en ek bedoel nie die gesigmaskers in die tyd van Covid nie. Nee, ons masker ons lewens sodat niemand tog net sien watter soort mens ek eintlik is nie. Daarom is die gedagte dat God my ken en dwarsdeur my sien so vreesaanjaend. Ons moet kennis neem van wat in Hebreërs 4:12,13 staan:*

*12Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. 13Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.*

*Dis genoeg om mens van angs te laat bewe as die hand van die Here jou vasvat soos wat 'n polisieman jou hande agter jou rug vasmaak. Dit is ook Job se ervaring met God as hy in ellende verkeer. Dan pleit hy by die Here (Job 13:21 - 1953- vertaling):*

*Trek u hand weg van my af, en laat die skrik vir U my nie beangstig nie.*

*Die vrees vir God verander egter op 'n verrassende wyse na troos en bewondering in verse 13-18. Die skrywer ontdek dat dit nie nodig is om van God af te probeer vlug nie. Ons is tog sy maaksels, sy kinders! Ons behoort aan Hom. Hy ken ons al van moederskoot. Waarom sou ons probeer vlug, en waarom sou ons ons sondes probeer wegsteek? My lewensdae is in elk geval aan Hom bekend. Hierdie gedagtes laat die skrywer algaande besef dat die Here steeds by hom betrokke is. Ons lewens lê oop en bloot voor God, maar God hou nie op om moeite met ons te doen nie. Hy onttrek Hom nie van ons lewensgeskiedenis nie, maar laat Hom daarby in. So hoor ons iets van God se hart in Hosea 11:8 wanneer Hy, ten spyte van sy woede en teleurstelling oor Israel se sondes, sy liefde verklaar:*

*Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.*

*Dit is nie net ons lewens wat oop en bloot voor die Here lê nie, maar God openbaar ook sy eie hart vir ons.*

*Die goeie nuus wat ons in Jesus ontvang het, is om te weet dat dié Een wat my deur en deur ken, my tog ook liefhet. Jesus het nie vir goeie mense gesterf nie, maar vir sondaars. Ons hoef nie ons sondes meer weg te steek nie. Ons hoef nie rolle te speel om ons onheilige geheime te bewaar nie. Ons kan met egte en ontblote harte na die Here kom en sy vergifnis in Christus aanvaar.*

*God is nie soort hemelse jaghond wat jou probeer vang nie. Veel eerder is Hy soos 'n skaaphond wat partykeer blaf en ons soms voorkeer. Soms stuur Hy ons in 'n ander, veiliger rigting. Ander kere keer Hy ons vas of maak ons skrik. Maar dit is om ons van gevare weg te hou en veilig by ons bestemming te bring. Want God gee om vir ons!*

*Nou kan ons saam met die psalmdigter deel in sy slotgebed (verse 23,24). Dit is nie 'n gebed uit vrees nie, maar 'n versoek dat God juis nie sal ophou om my lewe in oënskou te neem nie. Dit is 'n gebed om God se voortgesette betrokkenheid en leiding vir die regte pad.*

## **Gebed**

*Ondersoek my, o God, en ken my hart; toets my, en ken my ontstellende gedagtes. Kyk of ek nie op 'n pad van verdriet is nie, en lei my op die ewige pad. (Bybel 2020-vertaling)*

Geen eredienste of byeenkomste in kerkgebou tot verdere kennisgewing

Kerkkantoor oop Maandag tot Vrydag

09:00 – 13:00

Ds. Petrie 073 166 1306

e-pos: [petrie@louensrivier.co.za](mailto:petrie@louensrivier.co.za)

Charlene 082 384 4037

e-pos: [fin@louensrivier.co.za](mailto:fin@louensrivier.co.za)

Riata 082 560 5283

e-pos: [admin@louensrivier.co.za](mailto:admin@louensrivier.co.za)



**Besoek ons webblad:**

***Louensrivier.co.za***

**Facebook blad:**

***Louensrivier SeMense***

***Lifeline Youth***

***Louensrivier Dinamiet KIEDZ:***

Oggendkonsert  
uitgestel tot  
verdere kennis



## OGGENDKONSERT!

*Blondes* speel Mozart, Beethoven



en ... **Beatles!**

Datum: Saterdag, 6 Februarie 2021 10h30

Venue: NG KERK Suider-Strand (Hiv Gordonsbaaiweg en Alex Pienaarstraat, STRAND)

Kaartjies (R100) by die Kerkkantoor (021 854 5076) of skakel Trina by 084 774 3532

Bespreek vroegtydig om telourstelling te voorkom!

TEN BATE VAN DIE GETUIENISPROJEKTE VAN DIE GEMEENTE

## Ons 80 + Verjaarsdae vir Januarie 2021

01 Januarie - Santie de Kock (81)

01 Januarie - Eljoma Phillips (81)

04 Januarie - Elbie Nieuwoudt (92)

06 Januarie - Wilhelmina Blignaut (81)

09 Januarie - Attie Retief (80)

12 Januarie - Pieter Pretorius (81)

14 Januarie - Daneta Baard (91)

14 Januarie - Hester Huysamen (83)

16 Januarie - Kitty Louw (82)

21 Januarie - Hettie Marnewick (80)

23 Januarie - Miems Botha (84)

25 Januarie - David Krüger (83)

26 Januarie - Marie vd Westhuizen (81)

26 Januarie - Marjorie Claassens (92)

28 Januarie - Jean Nell (82)

30 Januarie - Willem Dippenaar (86)

31 Januarie - Jacobus Huysamen (82)



# Ondersteun plaaslik. Ondersteun ons borge/adverteerders

JC VORSTER 065 816 9617

## HEARING CARE

...for better hearing.

- Medical aid rates • Easy parking access
- Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
- Noise / water/ sleep protection earplugs
- Quotations on repairs and new hearing aids

...and professional audiology services.

Saar/ Goede Hoop Centre, Broadway Blvd. & Da Gama Street, Strand, Shop 4



**Flameros**  
CHICKEN GRILL



021 854 7774

**FF FTH ACCOUNTANTS**  
The name you can ACCOUNT on

Floris Ter Haar  
Professional Accountant (SA)

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS  
IN YOUR WEALTH

Tel: 021 853 4266  
Cell: 082 741 7076  
Fax: 088 021 854 5741  
E-mail: floris@fthacc.co.za

20 Conradie Street  
Strand, 7140  
Skype: fterhaar

**JN POOLS**  
& GENERAL MAINTENANCE  
SWA POOL & SPA SPECIALISTS



JEAN NAUDE: 082 559 6285

- Fibreglass Relining
- Pool Installation
- Water Saving
- Core Drilling
- Pool Repairs
- Paving

info@jnpools.co.za www.jnpools.co.za

**NAILIT**  
HANDYMAN SERVICES

- Painting
- Tiling
- Roof repairs
- Bathrooms

QUALITY WORKMANSHIP  
Pierre Oosthuizen  
072 929 4373

**MSA**  
MARIUS STENEKAMP  
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece  
George Str, Strand  
P.O. Box 1170, Strand, 7139  
Tel: 021 837 1235/6  
Fax: 086 274 2003  
Cell: 084 448 4429  
marius@stenekamp.co.za  
www.stenekamp.co.za

**HBP**  
HELDERBERG BUILD & PAINT

STUART JACKSON

082 872 6830 info@hbpcconstruction.co.za  
www.hbpcconstruction.co.za

*Karien Burke*  
PHOTOGRAPHER

From Bump to Baby & Beyond

0720400614  
info@karienburkephotography.co.za  
www.karienburkephotography.co.za

Social Media  
@karienburkephotography



**bp helderberg**



BROADWAY 87  
STRAND

021 854 7200

Jou finansiële toekoms is ons oorsake

- Besighheidsbeplanning
- Boedelbeplanning
- Beleggingsadvies
- Persoonlike dekking
- Voorsiening vir aftrede
- Inkomstebeskerming

Besoek ons ny Van Ryneveldstraat 13, Strand.

Willie Fourie  
Senior Finansiële Beplanner  
021 853 2179 | 082 468 1099  
admin@arcani.co.za

**Arcani Blouster**  
Finansiële Adviesdienste  
vriendeljk by 

Your Property Consultant  
Renette Oosthuizen

c +27 82 672 7950  
e renette.oosthuizen@harcourts.co.za

**Harcourts Platinum**



**sasol**  
reaching new frontiers

**Willie Strydom**  
Trustee & Franchisee

**Sasol Somerset West Trust**  
c/o Broadway & Kynoch, Somerset West  
PO Box 1520, Strand, 7139, South Africa  
Tel: +27(0)21 852 3828  
Fax: +27(0)21 852 3819  
Cell: + 27(0)79 878 3155  
willie.strydom@obsamail.co.za

STRAND

**KWIKSPAR**

Goedehoop Centre, Cnr Broadway & Da Gama  
Strand, 7140

T: 021 853 2095  
F: 021 853 7674  
E: strandspar@hotmail.com

www.spar.co.za

Dr Wimpie Basson  
B. Ch. D. (Stell) • Pr. No. 5439752

*Helderberg Dentists*

T 021 853 7201 F 021 854 4347 C 083 629 1672  
E drbasson@iafrica.com www.helderbergdentists.co.za  
Hoofweg 115 Main Road, Strand  
PO Box 422, Strand 7139